

ds. PJ Kriel

22.06.2019

Inhoud Hierdie preek wys hoe die NG Kerk en amptenary gemeentes versaak deur met die goddeloosheid van die nuwe nasie en gemeenskap in 'n saamblyverhouding in te gegaan het. Terwyl die owerheid en staat hul self wetlik en amptelik godloos verklaar het, is hierdie geestelikes verlief op hulle en gee hulle in hul verliefdheid hulself oor aan die godlose gemeenskap met die geloof dat hul liefde hulle sal verander. Hierdie sogenaamde nuwe missionale liefde van Jesus wat as 'n weerlose lammetjie Homself aan goddeloses se haat sou oorgegee het, is nou die voorbeeld van hoe lidmate en gemeentes hul aan die goddelose gemeenskap se haat moet oorgee. Die Here verbind ons in sy troue liefde tot liefde vir Hom, sy kerk en ons vyande, maar lewer ons nooit uit aan die haat van God se vyande nie. Hierdie Jesusbeeld is die afgod waarmee die NG Kerk se amptenary en vergaderinge gemeentes en lidmate oorgee aan die haat van goddeloses om hul nuwe saamblyverhouding met die staat te regverdig.

Skriflesing Ps. 109

Teks Ps. 109 vers 26 "Help my Here my god, red my in u troue liefde, dat mense kan weet dat dit u hand is, U, Here wat dit gedoen het.

Tema Die Here red ons van die haat van goddeloses waarin geestelikes wil hê ons onself moet oorgee

1. Ek wil dat ons vanoggend hierdie Psalm lees en daarin antwoord soek vir die kerklike instellings se pogings om die goddelose gemeenskap in ons land as Christelik te fantaseer.

Ons kan die Woord se inhoud vir hierdie situasie met 'n voorbeeld probeer ontsluit. Wat kan ouers doen wanneer hulle sien hul dogter is verlief op 'n man wat hulle sien 'n gewelddadige is en haar en haar kinders net gaan misbruik en mishandel? Want sy sien nie hierdie kwaadwilligheid en geweld in hom raak nie, en wat sy daarvan raaksien, glo sy sal sy met haar liefde verander.

As U dink dit is 'n probleem wil ek graag met u 'n ervaring deel wat so 14 jaar gelede met my gebeur het tydens 'n ringskamp wat ons vir die kinders by Tshipise gehou het wat nie vakansies uit die kinderhuis kuierplek gekry het nie. 'n Seun van so graad 4 het gevra of hy met my kon praat, op my skoot kom sit, my vasgehou en toe hartstogtelik bitterlik gehuil en aanhoudend die volgende woorde met magtelose woede herhaal: "En ek het vir haar gesê sy moet nie. Hy gaan ons slaan en dan gaan hulle ons wegvat, maar sy wou nie luister nie."

Wat en hoe moet 'n kind vir sy ma sê dat die man op wie sy verlief is en by wie sy gaan saambly, gaan hulle en haar mishandel en op die ou einde gaan hy maak dat hulle van hul ma weggevat gaan word. Die man in wie sy geen fout kan sien nie,

gaan hulle gesin opbreek! Hulle sien dit kom, maar in haar verliefdheid lewer sy hierdie kinders aan sy geweld uit met die geloof haar liefde sal hom verander.

Hoe sê lidmate van die kerk van die Here vir kerklike amptenare wat op 'n goddelose gemeenskap verlief geraak het en die kerk deel maak van 'n saambly verhouding met hierdie goddelose gemeenskap, dat hierdie goddelose gemeenskap hulle gaan verniel en hul kerklike samesyn gaan opbreek?

Want dit is wat werklik met ons gebeur. Ons kerklike amptenare het verlief geraak, en tree met verliefdheid op teenoor die goddelose gemeenskap in hierdie land.

2. Psalm 109 openbaar vir ons die werklike bedoeling van goddeloses teen gelowiges is:

Sonder enige rede daarvoor, sonder enige aanleiding daartoe, beantwoord hulle gelowiges wie nog altyd vir hulle voorbidding by God gedoen het, om vir hulle goed te wees, se liefde met vyandskap. Die hele ingesteldheid van goddeloses is om die liefde van gelowiges met haat te vergeld en se goedheid met kwaad te vergeld.

Ons beeld van goddeloosheid is die van drinklappe, luiaards, sosiale wanaangepaste rebelle wat die skuim van die samelewing is. Daarom kan ons nie die werklik bedoeling en optredes van goddeloses peil nie. Goddeloosheid werk só:

- a. Dit is die mag om liefde met haat te antwoord en
- b. Dit is die mag van vergelding, die mag om hulle wie vir jou goed is en jou liefhet, te oordeel, te vervloek, te straf, te laat boet en te vernietig.

Hierdie mag om só te dink, te voel, te wil en op te tree is goddeloosheid: jy moet vir my goed wees en my lief hê, en daarvoor sal ek jou terugkry!

Generaal Smuts het as eerste minister van Suid Afrika iets van hierdie bedoeling van goddeloosheid eendag skerpsinnig verwoord. 'n Parlements lid het na hom toe gekom en hom probeer waarsku dat een van sy kollegas besig is om hom agteraf te beskinder. Hierop was sy antwoord: "Dit is onmoontlik. Ek was nog nooit goed vir hom of het nog nooit aan hom 'n guns bewys nie." Hiermee het hy hierdie innerlike dinamika van goddeloosheid verwoord: Ek het hom nog nooit die mag gegee om my met kwaad en haat vir my liefde en goedheid te kan vergeld nie.

3. Hoe antwoord goddeloses se liefde met haat en hul goedheid met kwaad? Psalm 109 verse 6 tot 15 gee vir ons 'n beskrywing van hierdie redelose haat.

- Die howe van die land moet gekriminaliseer word. Regters moet die mense word wat onreg deur die wet laat geskied, kwaadwilligheid moet as geldige

klagtes dien sodat wat gelowiges goed doen, self gebede, as misdade teen die gemeenskap verklaar kan word. (vers 6)

- Gelowiges mag nie meer openbare posisies beklee nie. (vers 80)
- Hulle mag nie meer 'n eie lewe hê nie, en hul gesinne moet vaderloos verarm. (vers 9-10)
- Hulle eiendomme moet onregmatig op beslag gelê word en wat hulle opgebou het moet met reg geplunder word. (11)
- Niemand ma hulle of hulle kinders en kleinkinders liefhê of met hulle meelewing betoon nie. (12)
- Hulle het nie bestaansreg nie en moet uitgewis word. (13)
- God mag nie hulle voorouers se sondes vergewe nie en hulle voorouers se sondes moet vir altyd teen hulle tel. (14,15)
- Wie hulle is mag nooit erkenning kry en wat hulle doen mag nooit genoem word nie. (15)

Dit is hoe goddeloses gelowiges se liefde en goedheid met haat en kwaad beantwoord.

4. Hoe kry hulle dit moreel reg om só te kan optree?

Dit wys die Psalm ons met verse 16 tot 19! Die liefde en goedheid wat hierdie Psalm skrywer aan hierdie goddeloses bewys het, word in hulle gemoed verwring en verdraai asof dit die rede vir hulle haat sou wees.

- Hulle misken die liefde en goedheid wat bewys is met die valse beskuldiging dat gelowiges nie eers daaraan gedink het om liefde te bewys nie. (16)
- Hulle misken die barmhartigheid van gelowiges teenoor armes en maak asof gelowiges die mense is wat armes onderdruk. (16)
- Hulle ontken die goedheid wat bewys is, en skryf kwaadwilligheid toe aan gelowiges en hierdie toegedigte kwaadwilligheid word nou die rede waarom niemand goed vir gelowiges mag wees nie. (17)
- Hulle hou gelowiges voor as mense wie van geaardheid sleg is en daarom altyd sleg behandel moet word. (19)

Hier wys God se Woord vir ons weer wat die Here Jesus Christus vir sy dissipels openbaar het in Johannes 15 waarna ons verlede week gekyk het: hulle haat God en sy kinders sonder rede! Dit stel die skrywer in vers 3: "Hulle getuig vals teen my, met woorde vol haat tref hulle my van alle kante sonder rede val hulle my aan."

Dit is werklik só en nie sommer net die selfverontskuldiging van die skrywer nie. Sonder rede haat hulle hom as gelowige. Daarom verdraai en verwring hulle sy goedheid en liefde om in hulle verwronge gemoed juis die rede te word waarom hulle sy goed met kwaad en sy liefde met haat vergeld.

5. Ons as gelowiges is binne hierdie goddelose land en gemeenskap al binne hierdie kragte waar ons goedheid met kwaad en ons liefde met haat vergeld word.

Kwaadwilligheid teen ons word al geldige regsgronde vir klagtes teen ons; ons mag nie meer openbare posisies beklee nie; ons kinders en klienkinders word onregmatig verarm; mense wil regmatig op ons eiendom beslag lê en wat ons met harder werk opgebou het regmatig plunder, niemand mag meer vir ons kinders omgee nie en alles wat ons goed doen mag nie meer genome word nie. Boonop mag God ons nooit vergewe vir wat ons voorouers verkeerd gedoen het nie, so asof God ons vir die sondes van ons voorouers straf.

Wat is die rede in goddeloses se gemoed vir hierdie haat teen ons?

Dit is juis ons goedheid en liefde wat hierdie haat aandryf. Ons wat armes werk gee en goed behandel word voorgehou as hulle onderdrukkers; Terwyl ons elke dag probeer om goed te wees en die belange van die land te dien, word as voorgehou as die selfsugtiges wat net aan ons self dink; terwyl ons goed probeer doen, word ons gedwing om te erken dat ons kwadwillig is en as kwaadwilliges behandel mag word en moet ons glo dat ons van geaardheid slegte mense, rassiste is en daarom verdien om as slegte mense behandel te word.

Selfs ons gebede vir die land en sy mense tel nou teen ons as 'n misdaad!

6. Die werklike krisis met hierdie redelose goddelose haat teen ons, is dat die kerklike amptenary op hierdie goddelose land en gemeenskap verlief geraak het en met hulle in 'n saamblyverhouding ingegaan het.

Daarom is ons as gelowiges regtig in daardie benarde posisie van daardie seun wat op my skoot so hartstogtelik en woedend gehuil het: "Ek het vir haar gesê sy moet nie by hom intrek nie. Hy gaan ons mishandel en dan gaan hulle ons van jou af weg vat."

Wat is hierdie saamblyverhouding en hoe werk hierdie verliefdheid?

Die saamblyverhouding is die kerklike amptenary wat graag die geestelikheid van die nuwe nasie en die land in Suid Afrika wil wees. Hulle wil weer graag die nuwe staatskerk van die nuwe nasie wees. Net soos met saambly waar 'n man vir 'n vrou wys ek gaan nooit met jou trou nie, het die nuwe nasie vir hierdie kerklike amptenary gewys dat hulle nooit met hulle in 'n vaste staat-en-kerk verhouding sal ingaan nie. Die nuwe nasie is godloos en kerkloos volgens sy grondwet.

In hulle verliefdheid op die staat en nuwe nasie weier hierdie kerklike amptenary egter om te hoor hulle liefde is nie aanvaarbaar nie. Daarom het hulle nou in 'n saambly-verhouding met die staat en nasie gegaan: al is ons nie getroud nie, gaan

Die Here red ons van die haat van goddeloses waarin geestelikes wil hê ons onself moet oorgee

al ons liefde en diensbaarheid vir hulle gee, en ons liefde en diensbaarheid gaan maak dat hulle sal verander en aandag met ons sal trou.

7. Hoe werk só saambly verhouding tussen 'n goddelose land en die kerk?

Net soos met mans en vrouens!

Die man het duidelik verklaar hy wil nie 'n vrou hê nie. Hy wil op geen wyse verbind wees op enige regtelike pligte as man nie. Die vrou aanvaar dit maar gee haarself tog ten volle in al haar liefde aan hom oor.

Dan gaan dit mos so werk! As jy jouself so wil oorgee, doen dit. Dan gaan ek jou gebruik net soos ek wil en jy kan maar glo in jou liefde soos jy wil. Die vrou in haar verliefdheid het werklik hierdie verwagting dat haar liefde hom so gaan verander dat hy haar nie gaan misbruik nie, maar eendag so sal liefhê dat hy wil trou. Haar geloof in haar liefde gee haar oor in sy misbruik wat hy vooraf openlik verklaar het.

Dit is die nuwe missionale liefde van die NG Kerk!

Hulle glo nou dat ons met ons liefde die goddeloses in die land gaan verander, maar dan moet ons nou hierdie nuwe liefde uiteleef: "weerlose liefde". Ons moet weerlose liefde uitleef en gee aan goddeloses soos Jesus kamstig weerlose liefde gegee het. Sy weerlose liefde was dat Hy Homself aan die haat van goddeloses oorgegee het sodat Hy hulle vir sy liefde kan wen.

8. Hoe klink weerlose liefde volgens Psalm 109?

Dit klink só: ons moet onself oorgee in weerlose liefde aan die haat van goddeloses in die geloof dat hulle deur ons weerlose liefde oorwin sal word om ons lief te hê. Kan u dit hoor? My weerlose liefde vir die man wat nie met my wil trou nie, gaan hom oorhaal om met my te trou?

Weerlose liefde volgens Psalm 109 beteken jy moet weerloos kwaadwilligheid as regsgronde vir geregtelike aanklagte teen jou aanvaar; jy moet weerloos jou openbare posisies prysgee; weerloos aanvaar dat jou kinders en kleinkinders onregmatig verarm word; weerloos toegee dat op jou eiendom beslag gelê word en plunder word; weerloos aanvaar dat niemand meer vir jou kinders hoef goed te wees nie en weerloos aanvaar dat God jou en jou kinders en kleinskinders nooit sal vergewe vir wat jou voorouers verkeerd gedoen het nie.

Weerloos moet jy aanvaar dat jou goedheid verdraai word as die rede hoekom jy gehaat en kwaad aangedoen word: dat al gee jy aan armes werk en is goed vir hulle, is jy die onderdrukker; al gee jy jou oor aan algemene belang is en bly jy die selfsugtige een; al probeer jy net goed doen, moet jy weerloos erken dat jy die

oorsaak van alle kwaad is en weerloos moet jy erken dan jy eintlik sleg behandel word omdat jy sleg is.

Dit is die nuwe missionale liefde van Jesus waarmee die NG kerk se verliefde amptenare ons aan die goddelose land as hulle nuwe man wil uitlewer. Ons moet met missionale liefde net soos hulle die goddeloses verander om ons lief te hê.

9. Wat mag ons as gelowiges binne nie meer binne hierdie saamblyverhouding doen nie?

Ons mag nie meer vir God vertel hoe swaar ons kry wanneer ons liefde geen en gehaat word en goed doen en met kwaad vergeld word nie! Net soos kinders binne saamblyverhoudings nie meer mag vertel hoe swaar hulle kry nie! hulle moet stilbly.

Kyk hoe swaar kry hierdie gelowige in hierdie magsgreep op hom dat hy moet aanvaar dat hy liefde moet gee wat met haat vergeld word en goed moet doen om met kwaad vergeld te moet word.

- Ek is hulpeloos, arm en my hart is inmekaar gekrimp van vrees.
- Ek leef met dreigende en naderende dood
- Ek word as nutteloos en niksseggend een kant toe gegooi
- Ek is godsdienstig voos.
- Ek is 'n openbare bespotting en word openbaar geminag.

Binne hierdie nuwe saambly verhouding van kerklike amptenare mag jy nie meer vir God hierdie nood noem nie. Want hulle fantaseer hierdie saamblyverhouding as 'n liefdevolle verhouding en al jou swaarkry is net omdat jy nie weerloos liefhet nie. In hulle verliefdheid kan hulle nie meer die geweld van die goddeloosheid op die gelowiges raaksien nie.

10 Wat jy ook nie mag doen nie, is wat hierdie gelowige in hierdie gebed doen!

Jy mag nie meer jou nood voor God uitstort en vra dat God al die haat en kwaadwilligheid wat hulle oor gelowiges wil bring, teen hulle self sal keer nie: "Mag die Here dit alles oor my teëstanders laat kom, oor die wat my sulke vreeslike dinge toewens nie".

Nog minder mag jy hierdie gebed bid: "Hulle vloek my, maar U sal my seën. Hulle kla my aan, maar hulle sal verloor, en ek, u dienaar sal bly wees. Laat my teëstanders met skande oordek word. laat vernedering hulle aankleef soos hulle klere."

Jy mag dit nie tot God bid nie, want die een oor wie God hierdie vervloeking sal bring en die een wat God sal verneder en tot skande maak omdat hulle jou aankla vir jou liefde en goedheid, is die een op wie die kerk se amptenare verlief is.

Jy moet die nuwe gebed van die nuwe nasie bid: “God seën Afrika! Terwyl jy hierdie nuwe gebed bid, leer die verliefde kerklike amptenare jou dat jy nou alle geweld teen jou moet aanvaar net soos ’n ma kinders wat geweld aangedoen word op die man met wie sy verlief saambly, leer dat jy moet aanvaar dat jy seker iets verkeerd doen, net weer jammer sê en net weer soos sy hom weerloos moet lief hê om hom te verander.

Jy mag nie jou nood voor God uitstort nie, want die kerk beskerm nou die goddeloses op wie hulle verlief is teen God. God mag nie meer God wees wat goddeloses se haat en kwaad teen hulle self keer nie. God moet nou die weerlose Jesus wees wat Homself aan die haat van goddeloses oorgee om hulle vir sy liefde te wen. God moet die kerk se verliefdheid op goddeloses nou seën.

11. Dink u daardie seun wat só hartstogtelik sy nood in woede en bitterheid by my uitgestort het, was besig met wraak?

Moes ek vir hom gesê het jy gevoel en opvatting is verkeerd, jy mag nie woedend of bitter wees nie, jy moet net aanvaar sy het dit goed bedoel en jy moes net meer liefde aan hom bewys het.

Want hy wil eintlik net wraak neem!

Hoe hoor u Psalm 109? As ’n gelowige se wraak op sy vyande? “Mag dit alles oor my teestaanders kom, oor die wat my sulke vreeslike dinge toewens.” “Hulle vloek my, maar U sal my seën. Hulle kla my aan, maar hulle sal verloor, en ek u dienaar sal bly wees. Laat my teëstanders met skande oordek word, laat vernedering aan hulle aankleef soos klere”

U mag Psalm 109 net hoor soos dit eerlik en opreg bedoel is: as die gebed van iemand wat sy vyande liefhet en goed is vir hom kwaad aandoen. Dit is tog presies die lewenswyse waartoe hierdie gelowige verbind is en verbind bly in sy hele gebed.

Nêrens is daar ene verklaring dat hy gaan ophou om goddelose mense lief te hê en vir hulle goed te wees nie. Hierdie gebed bevestig alles wat die Here leer in sy opdrag: “Maar ek sê vir julle: “Julle moet julle vyande liefhê en julle moet bid vir dié wie julle vervolg.” Hierdie persoon is juis hiermee besig want hulle gebruik juis sy liefde en gebede vir hulle as sy vyande teen hom.

12. Hierdie is nie ’n wraakpsalm nie maar ’n vertrouenspsalm!

Daardie seun wou nie wraak sweer of ondersteuning in sy wraak kry nie. Hy wou net dat iemand net weer vir hom kan bevestig dat liefde nie so kan werk dat jy jou weerloos aan die haat van ’n goddelose man moet uitlewer terwyl jy hom moet lief hê

nie. Daar kan nie van hom só iets verwag word, om liefde te gee en jou aan die haat van die een wie jy lief het oor te gee nie.

Dit is die krag van die geloofsbelydenis van die Psalmskrywer: “U is die Here my God, handel met my só dat U Naam geëer word. U is goed en getrou, red my tog.” (21) en “Help my, Here my “God red my in U troue liefde, dat mense kan weet dat dit u hand is, U Here wat dit gedoen het.” (26)

Die vertrou is in die Here se verbondsliefde, sy troue liefde. In sy verbondsliefde maak die Here jou sy kind en skep Hy in jou hierdie liefde vir jou naaste, ook vir jou vyande, net soos hierdie gelowige sy vyande lief het en vir hulle bid. Terwyl die Here in sy verbond die troue Here vir sy kinders is, is Hy terselfdertyd die regter van die goddelose wêreld wat hulle deur die krag van sy wet onderwerp en verniel in hul haat en kwaad. Jesus Christus is altyd vir sy kerk die Lam wat geslag is maar vir die wêreld die Leeu uit die stam van Juda volgens Openbaring 5.

13. Die Here is altyd God die Vader se Lam, nie die lammetjie vir die goddeloses nie. Vir geen oomblik in die Here se gevangeneneming, verhoor, lyding, veroordeling, uitlewering, kruisiging en sterwer was Hy ooit die weerlose Lam van die Romeine of die Jode gewees nie. Nie in een oomblik het Hy Homself aan die haat van die Romeine of Jode oorgegee het.

Gesagvol het die Here voor sy dood verklaar dat dit die Vader, is wat Hom gaan doodmaak en dat Hy hom aan die wil van sy Vader oorgee, nie aan die haat en kwaadwilligheid van die Romeine en Jode nie. (Mat. 26: 31) en van Judas wie die Vader gebruik het, het Jesus self gesê: Wee hom, dit sou vir hom beter gewees het as hy nooit gebore was nie.” (Mat.26: 24)

Daarom kan die Here se kinders Hom vertrou dat Hy as Here aan die regterhand van die Vader hulle met sy troue liefde omsluit en tot liefde verbind, maar die goddeloses met sy wet sal onderdruk en verniel.

Daarom moet ons die oproep tot liefde vir ons vyande goed verstaan. Paulus stel dit helder en duidelik só: “Moenie self wraak neem nie, geliefdes” en dan nie om voorbeelde te wees van weerlose oorgawe aan die haat van goddeloses nie. Nie om die voorbeeld van Lammetjie Jesus vir goddeloses te wees nie.

Die rede hoekom ons nie wraak neem op die haat waarmee goddeloses ons liefde beantwoord nie, is omdat daar volgens Paulus geskrywe staan: “Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld, sê die Here.” Rom. 12: 19. Want hulle haat God redeloos en daarom haat hulle jou redeloos en daarom sal God dit as Leeu van Juda self hanteer. Jy kan nie die goddelose beter verniel en onderdruk in sy kwaad as wat God dit doen nie.

14. Daarom mag en moet ons bid dat God Hom sal wreek op hulle wat van Hom hulle Lammetjie maak sodat hulle in hierdie wêreld die mag het om liefde met haat te vergeld en die mag het om goed met kwaad te vergeld.

Hy sal dit teen hulle keer om te wys Hy is die Goeie en troue God wat sy kinders tot liefde verbind in hierdie wêreld en hulle teen die haat en kwaad van goddeloses beskerm en bewaar.

Dit is nie God, dit is nie Jesus Christus wat in 'n saambly-verhouding met die goddeloses is nie, dit is net die kerklike amptenare wat met die goddeloses in 'n saamblyverhouding is.

Daarom moet ons hulle valse Jesusbeeld waarmee hulle ons stil en gedwee in hierdie saambly verhouding wil meesleur verwerp. Daar is nie 'n weerlose Jesus wie Homself aan goddeloses se geweld oorgee as 'n demonstrasie van hoe lief hy die Romeine en Jode wat hom gehaat het, gehad het net. Hy het deur hulle haat gegaan en in elke oomblik Homself oorgegee aan die wil van sy Vader om die Christus vir sy kinders te word, nie die Lammetjie van die goddeloses nie.

Die Here sal hulle op wie ons kerklike amptenare vandag verlief is, verniel en hulle haat en kwaad teen hulle keer. Die liefde van hierdie amptenare gaan goddeloses nie verander nie en hulle liefde gaan God nie keer om hom op hulle te wreek vir die eer van sy Naam nie.

Hulle verliefdheid gaan ons nie aan goddeloses uitlewer nie, maar gaan hulle aan die wraak van God self uit lewer. Hy gaan die man wie hulle as hul krag en mag en toekoms sien, verniel en ontmagtig tot niks.

15. Wat maak 'n verliefde ma met kinders wat nie haar saambly man se geweld aanvaar nie en ook nie haar verliefdheid op hom nie?

Sy los hulle om te doen net wat hulle wil en speel hulle eers teenoor mekaar af om in haar verliefdheid te bly.

Dit is wat op die oomblik besig is om met ons in die kerk te gebeur. Die amptenare van die kerk maak ons formeel deur vergaderinge en ordebepalings 'n gemeenskap waar elke gemeente kan doen wat hy wil, wat vir die een sonde is mag vir die ander liefde wees. Dit aan die een kant. Aan die ander kant sou jy op enige manier hulle verliefdheid op die goddelose owerheid en hul drif om die geestelikheid van die nuwe nasie te wees aanspreek, word jy as lidmaat en gemeente by al die ander verdag gemaak as 'n fundamentalis of rassis.

Wie doen die met wie? Die amptenare met gemeentes en lidmate. Ons moet as gemeente nou na al die jare waarin niks gesê is oor Moreleta gemeente wat gedoen

het net wat hulle wil, ons distansieer van hulle fundamentalisme. Hoekom? Omdat hulle die verliefdheid van die amptenare op die sedeloosheid van die owerheid aangespreek het.

16. Ons is ingesluit in die troue liefde van die Here wat ons tot liefde verbind, ook vir hulle wat ons haat sonder rede.

Maar ons is nie die goddeloses se weerlose lammetjies nie. Ons het die Here as ons Bewaarder en Beskermer. Daarom kan ons ons nood voor hom uitstort, Hom vra om Hom te wreek op sy vyande sodat ons ons vyande kan liefhê

Kan ons Hom vertrou dat hierdie sy wêreld is wat Hy volgens sy wil laat werk en dit nie die wêreld van goddeloses is wat hulle volgens hul wil laat werk nie.

Kom ons verwerp die verliefdheid van ons kerk se amptenare. Hulle weerlose Jesus en weerlose oorgawe aan die haat van goddeloses is hulle afgod. Dit is nie ons Here nie. Kom ons laat hulle nie toe om ons gemeentes van mekaar te verdryf sodat hulle met hul saambly verhouding kan voortgaan nie.

Kom ons verwerp hierdie saamblyverhouding as sedeloosheid om deel van die mag van die goddeloses te wees. God gaan hierdie owerheid in hul goddeloosheid verniel en onderdruk, en ons gaan nie onself aan hulle verbind asof hulle deel van ons geloof, ons gehoorsaamheid en ons lewenswyse is nie.

Wat maak jy met kerklike amptenare en vergaderinge wat verlief geraak het op die goddeloosheid van die owerheid, dit as Christelik probeer voorhou en met 'n afgodsbeeld van Jesus te probeer regverdig? Al wat ons kan doen is om te wag dat hierdie verliefdheid deur God self in flarde geskeur gaan word omdat Hy sy kerk teen hierdie goddeloosheid gaan beskerm en hulle magte gaan verniel. Want dit is regtig net verliefdheid op 'n gewelddenaar. Dit kan nie hou nie.

Maar intussen is God ons Beskermer en Bewaarder en sal Hy ons nooit oorgee aan die haat van goddeloses nie, al is dit die drif van die kerklike amptenare. Ons gaan ons nood voor hom uitstort, Hom vra om hierdie gewelddenaar te tref met die kwaad wat hy ons met ons liefde voor wil vergeld en ons gaan aan God die eer gee dat Hy wraak neem op sy vyande, nie ons nie.